# Proefskrifbespreking

Engelbrecht, E - Van Staden, P 1989. *Die struktuur van die eerste Johannesbrief* ............ 971

# Boekbespreking

Beukes, MJ du P - Smuts, AJ (red) 1988. *Vernuwing van die erediens: Praktiese Teologie van Suid-Afrika (6)* ............ 975
Botha, SJ - Langley, MR 1989. *Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876)* ............ 979
Dreyer, TFJ - Smuts, AJ (red) 1988. *Perspektiewe en pastoraat: Praktiese Teologie in Suid-Afrika (5)* ............ 980
Loader, JA - Labuschagne, CJ 1987. *Deuteronomium, deel 1A* ............ 984
Smith, DJ - Fowler, S 1988. *The State in the light of the Scriptures* ........ 988
Smith, DJ - Vorster, WS (ed) 1988. *The right to life: Issues in Bioethics* 992
Steenkamp, JJ - Rossouw, P 1989. *Ecumenical Panorama: A perspective from South Africa* ............ 993
Storm , JMG - Van der Walt, BJ 1989. *Antheunis Janse van Biggekerke (1890-1960)* ............ 997
Van der Watt, JG - Coetzee, JC (red) 1988. *Koninkryk, Gees en Woord: Huldigingsbundel aangebied aan prof dr Lambertus Floor* ..... 997

# Proefskrifbespreking

**Van Staden, PJ 1989. Die struktuur van die eerste Johannesbrief**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof GMM Pelser

**Resensent: Prof EE Engelbrecht**

Dit is by wetenskaplikes algemeen bekend dat daar 'n wye spektrum van menings bestaan oor die struktuur en interpretasie van die eerste Johannesbrief. Die promovendus se bydrae op die gebied is dat hy die spektrum omvattend uitgewys en ingekleur het.

Die mening bestaan by heelwat navorsers dat dit nie moontlik is om 'n mooi kunstige indeling in die Brief te ondek nie. Wengst is byvoorbeeld van oordeel dat die skrywer van ons brief nou nie juis 'n danige digter was nie. Van Staden se noukeurige uitwys van, onder andere, giasmes en ringkomposisies toon duidelik aan dat bogenoemde opvatting, wat breë steun geniet, nie korrek is nie. Hy tree egter te indirek met sy vakgenote in gesprek en gee nie skerp genoeg reliëf aan die teenoormekaarstaande standpunte nie.

Van Staden se indeling van die brief in drie groot stukke geniet wye steun. In hoofstuk 2 van die proefskrif kry ons 'n omvattende opsomming van byna alle geleerdes wat ooit 'n hand gewaag het aan 'n strukturele indeling van die eerste Johannesbrief. Dié opsomming is baie handig. Die promovendus sistematiseer hierdie mening egter te min en spreek ook sy eie mening oor hierdie menings te selde uit. Die leser begin naderhand in hoofstuk twee na die promovendus verlang en voel teen die einde vereensaam en ietwat verlore tussen al die 'vreemde' menings.

Vir die meeste geleerdes is die struktuur van die eerste Johannesbrief, en gevolglik ook die progressielyn daarin, 'n skoen wat taamlik druk. Soms word selfs handdoek ingegooi om hierdie 'gemompel van 'n ou man' te verstaan. Daar is reeds voor Bultmann 'n poging aangewend om die moeilike struktuur van dié Brief deur die uitwys van 'n bron en 'n latere verwerking te verklaar. Alhoewel ook Bultmann se poging in dieselfde rigting nie veel steun geniet nie, behoort hierdie pogings nie sonder meer as niksseggend verbygegaan te word nie. Ook hierdie pogings is 'n aanduiding dat die skoen skaaf.

Die promovendus laat die pendule volledig deurswaai na 'n teenoorgestelde kant. Vanuit 'n kunstige poëtiese bou op mikro- en mediumvlak besluit hy op 'n driedeling waarvoor die triade Vader, Seun en Gees die grondliggende rede is. Die boodskap van dié Brief het om hierdie rede ook 'n deurlopende lyn. Die hoofmotief van die Brief is dan die ewige lewe deur die gemeenskap met die Vader en Seun deur die Heilige

Gees. Of hierdie deurswaai van die pendulum baie instemming gaan vind, is 'n ope vraag.

Die promovendus het tot dié gevolgtrekking geraak nadat hy veral gebruik gemaak het van die redevoeringanalitiese metode. Hy maak só van dié metode gebruik dat die leser nie verwar word nie. Niks verwar 'n leser meer as wanneer die verbindingslyne van so 'n analise die indruk van uitgeskepte spaghetti skep nie. Van Staden maak so behendig van die metode gebruik dat hy na my mening, onnodig verskoning vra vir sy metode teenoor metodes wat 'n prominente lesersrol veronderstel.

Vraagtekens word egter geplaas agter die aanwysers vir interpretasie wat deur Van Staden uitgelig word. Indien hy 'n lengtesnit deur die teks sou gemaak het met God, Jesus Christus, Seun van God en Gees as aanwysers, sou hy by die volgende tematisering kon uitkom: die skrywer van die eerste Johannesbrief verkondig aan die gemeente Jesus Christus as die vleesgeworde, mensgeworde Verlosser. Sy bloed vloei, Hy sterf werklik om ons met God te versoen. Hierdie boodskap word deur die Gees bevestig. Wie so bely en dus bely dat God daadwerklik liefde is, word 'n gelowige wat liefde prakties bewys. Teenoor hierdie ware geloof en lewende liefde staan die dwaalleraars. Hulle ontken dat Jesus werklik die Christus is. Hy het nie werklik mens geword nie. Hy het nie werklik sy bloed gestort nie - dit was trouens ook onnodig, want die mens is sondeloos - God is nie 'n aarde-betrokke-God nie. Die gevolg van dié teologie is 'n liefdelose lewe waarin die aardse nood van 'n broer sommer niks is.

Die sterk antitetiese struktuur en temakomposisie van dié Brief verleen steun aan bogenoemde tematisering.

Alhoewel Van Staden nie dikwels met besondere navorsers in gesprek tree oor die struktuur van die eerste Johannesbrief nie, is sy proefskrif in geheel 'n standpuntinname teen redelik algemene standpunte dat die struktuur, en daarom ook die uitleg van dié Brief, probleme gee. Dit sal Van Staden toegegee moet word dat dié Brief noukeurig-formeel gestruktureerd is in sover as wat poëtiese strukture dikwels voorkom. Of hierdie strukture waarborg is vir 'n 'konkrete gebalanseerde eenheid', is 'n verdere ope vraag. In die lig van die huidige stand van die navorsing, gaan nie baie navorsers Van Staden se oortuiging deel dat sy uiteensetting van dié Brief se struktuur as basis vir verdere studie behoort te dien nie.

Die indeling van die vyf hoofstukke van die Brief volgens die redevoeringanalitiese metode is 'n geweldige taak. Soos reeds gesê, het Van Staden 'n opsomming gegee van byna elke bestaande standpunt oor die struktuur van die Brief. In die kernstuk van sy proefskrif verwys hy opsommend by elke kwessie na talle ander geleerdes se standpunte. Dit is dus duidelik dat die promovendus baie tyd aan die voorstudie tot die

skryf van die proefskrif moes bestee het. Die aard van die proefskrif het dit verder nodig gemaak dat voordurend na kola of teksverse verwys word. Die leser het, nadat hy die proefskrif deurgewerk het, respek vir Van Staden se harde werk en vir sy noukeurige en goedversorgde vorm waarin hy sy navorsing aanbied.

# Boekbespreking

Smuts, AJ (red) 1988 - Vernuwing van die erediens. Praktiese Teologie van Suid-Afrika 6.

Stellenbosch: NG Kerkboekhandel. 62 bladsye. Prys R12,50

**Resensent: Prof MJ du P Beukes**

Soos al die vorige publikasies van die Praktiese Teologie Werkgemeenskap van Suid-Afrika, getuig ook hierdie publikasie van goeie teologiese besinning met die oog op die kerklike praxis.

Die drie skrywers in die publikasie se benadering is dié wat 'n mens by verantwoorde praktiese teoloë aantref. Met die bestudering van die kerklike praxis word drie onlosmaaklike komponente deurlopend hanteer: die Bybel, die geskiedenis en die kontemporêre relevante gegewenhede.

Die inkleding van die artikels is goed. Die afwerking van die publikasie getuig van die noukeurigheid wat 'n mens altyd by AJ Smuts aantref.

Die publikasie val uiteen in drie hoofstukke deur drie verskillende outeurs.

1. Wat is die erediens wat vernuwe moet word? - dr LC Dressel
2. Wie vernuwe die erediens? - dr JA Laubscher
3. Vernuwing van die erediens - prof AC Barnard

**Wat is die erediens wat vernuwe moet word?**

Dressel oordeel dat die erediens eers vernuwe kan word as onomwonde vasgestel is wat die erediens presies is. Die wese van die erediens bepaal die vormgewing. Hy gaan kyk kernagtig wat die Bybel, die belydenis en die geskiedenis van die erediens sê. Nadat hy ook gevra het na die mens van hier en nou se behoeftes ten opsigte van die erediens, gee hy die volgende definisie: 'Liturgie is die ordening van die samekoms van die gemeente (met die oog op die saamdoen), waarin die dinamiek van Gods Woord plaasvind en waarin die gemeente geleentheid kry om op die dinamiek van Gods Woord te reageer in aanbidding, lofprysing, geloofsbelydenis, skuldbelydenis (verootmoediging), deelname aan en viering van die heil (sakrament), gemeenskap, gebed, offergawes en diensbetoon in en buite die samekoms. Alles geskied tot eer en verheerliking van die drie-enige God, tot opbou van die gelowige en onder leiding en toesig van die ampte'.

Uit Dressel se definisie kom 'n paar sake na vore wat dinamiesbelangrik is wanneer 'n mens jou besig hou met die vernuwing van die erediens. Hierdie wesenskenmerke wat hy op die tafel plaas, bepaal die koers en die rigting wat geneem behoort te word.

- *Die erediens vind plaas tot eer van God en tot opbou van die lidmaat se geloof:* God en die 'heil' wat Hy gee

deur die werking van die Heilige Gees, staan sentraal in die erediens. Hierdie feit bring noodwendig mee dat God se Woord en die verkondiging daarvan en nie allerlei aktiwiteite van die mens in die middelpunt van die erediens sal staan nie. Dit bring mee dat daar in die eerste plek gevra word na die eer, die wil van God en nie na die mens en sy behoeftes nie. God is so die middelpunt, die groot subjek en die mens die klein subjek (bl 7).

* *Die erediens is 'n byeenkoms van 'n Christelike gemeente:* Dit is bepaalde mense wat byeenkom in die erediens. Dit is mense wat glo in Jesus Christus, wat hulle laat lei deur God se Gees en Woord en wat deel is van een gemeente. Hierdie gemeenskaplike is anders as die gemeenskaplike van 'n ander groep mense wat saamkom. Die besondere van hierdie mense bring mee dat 'n besondere inhoud en self 'n besondere vorm hier sal geld - inhoud en vorm wat eie is aan die aard en die wese van die gemeente. Aangesien dit 'n gemeente is van 'n bepaalde plek en 'n bepaalde tyd sal die inkleding van die erediens so moet wees dat die gemeentelede van hier en nou daarby betrokke kan wees. Die mens beoefen sy liturgie uit die aard van die saak met menslike vorme.

* *Die erediens het die karakter van Woord en antwoord:* Die erediens is 'n lewende gebeure. God drie-enig gee, die mens ontvang, die mens antwoord. Beide God en mens moet in die oog gehou word. God se Woord moet gebring word ooreenkomstig sy eie besondere aard. Die mens moet antwoord sonder om die eer van God te skaad maar tegelyk ook volgens sy eie aard en gewoonte. Hierdie vashou aan God en mens bring mee dat die erediens nie Godloos word nie, maar ook nie wêreldmens-vreemd nie.

* *Die erediens is 'n byeenkoms van die gemeente onder leiding en toesig van die ampte:* Die gemeente hou erediens maar dit geskied onder die leiding van die ampte. Die God-gemeente en amp-gelowige verhouding behoort ook in die erediens gehandhaaf te word. Balans is hier die wagwoord. Oorskatting van die ampte lei tot 'n erediens waar die priester in Latyn die offer bring en die gemeente swygend-passief toekyk. Oorskatting van die dienswerk van die gelowige lei aan die ander kant daartoe dat sang, orkeste en persoonlike getuienis die hele erediens beset en die verkondiging van die Woord in die niet verdwyn.

* *Die erediens is 'n ontmoeting met God deur middel van bepaalde eredienselemente:* Dressel toon aan dat nog die Bybel nog die geskiedenis net een liturgiese orde met elemente wat altyd op dieselfde wyse bedien word, voorskryf. Die Bybel noem bepaalde liturgiese elemente sonder om voorskrifte te gee oor die plasing en die vormgewing daarvan. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat verskillende liturgiese ordes en verskillende inkle-

ding van die elemente voorgekom het. Binne die vasgestelde raamwerk van bepaalde liturgiese gebruike is die erediens ingerig - vastigheid en variasie.

Die vashou aan bogenoemde riglyne bewaar die kerk van veral 'n starre formalisme en andersyds om sonder meer toe te gee aan allerlei nuwe erediensvorme. Dit bewaar ook die kerk om elke byeenkoms van die gemeente sonder meer te sien as 'n erediens.

Dressel se erediensbeskrywing gee aan die teoloog en die predikant genoeg stof om opnuut sy eie gemeentelike erediens en sy eie teologiese denke oor hierdie saak te evalueer en te wysig sodat dit dinamies sal wees sonder dat vasstaande beginsels in gedrang kom. Dit bied ook 'n vaste basis vir prinsipiële vernuwing en nie slegs vir vernuwing ter wille van vernuwing nie. Dit bied geleentheid tot vernuwing met in agneming van die eiesoortige aard van die erediensgebeure.

### Wie vernuwe die erediens?

Laubscher begin sy artikel deur die vraag na die noodsaaklikheid van erediensvernuwing op die tafel te plaas. 'Daar word vandag allerweë in kerke regdeur die wêreld gebruik gemaak van die begrip "vernuwing" met betrekking tot die erediens. Dit is natuurlik nie vreemd nie, want die kerk is nie net "instituut" nie, maar ook "gebeure", "organisme", "liggaam van Christus" wat geestelik gesproke op pad is na volwassenheid. Die kerk groei na binne en na buite - intensief en ekstensief. Groei is dus 'n wesenlike eienskap van die kerk. Die kerk is geen statiese en onveranderlike grootheid in die geskiedenis nie. Die kerk bestaan uit mense en daarom praat ons van die kerk wat groei. Die kerk staan in die spanning van konstantheid en verandering, van vastheid en variasie, van tradisie en vernuwing, van openbaring en verborgenheid, van die alreeds en die nognie.'

Die vraag na die vorm van vernuwing is ook van die allergrootste belang. Laubscher toon aan dat vernuwing van die erediens gesien moet word as 'n sinoniem van herskepping. Vanuit die Nuwe Testament beteken dit dat die basis bly, maar daar is altyd 'n beweging na dit wat dit behoort te wees.

Wie is die agente wat die erediens vernuwe? Enersyds bestaan die opvatting dat die mens die vernuwer is. Hierdie gedagte kom van die persone wat die erediens hoofsaaklik antroposentries benader. Andersyds bestaan die gedagte dat God die alleen vernuwer is. God het reeds alles gedoen en doen nog steeds alles - die mens is slegs 'n passiewe ontvangertoeskouer.

Laubscher slaag daarin om die wederkerigheidsteorie van Van Ruler goed op die erediens toe te pas. Net soos van Ruler toon hy aan dat die mens 'tegenover' en 'partner' van God is. 'Dit beteken nie 'n verheer-

liking van die mens nie, maar ook tegelyk nie 'n ontkenning van die mens se rol in die werksaamhede van God nie. Die kenmerkende van die Heilige Gees is dat Hy die mens aan die werk sit - dit wil sê inskakeling en nie uitskakeling nie!' *Uiteindelik word die erediens vernuwe deur die drie-enige God wat mense in sy diens gebruik.*

Laubscher bly egter in gebreke om hierdie teorie van hom deur te trek na die praktyk. Hy behoort, met vashou aan sy prinsipiële uitgangspunte, die vraag te gevra het na die besondere funksie van die lidmaat, die ampte, die eredienswerkgroep en sinodale rade ten opsigte van die vernuwing van die erediens.

**Vernuwing van die erediens**

Soos in die vorige twee artikels wys Barnard ook vernuwing slegs ter wille van vernuwing af.

Verskillende faktore maak volgens hom vernuwing van die erediens noodsaaklik: Hy noem onder andere die volgende: deurlopende kritiek teen baie aspekte van die erediens wat daartoe lei dat die erediens vir die lidmate sin en betekenis verloor; tyd en kragte wat met sinlose eredienste gemors word; die oordeel van God oor die erediens wat nie volgens Sy wil is nie en die wese van die erediens wat roep om vernuwing.

Watter kriteria moet aangewend word vir die vernuwing van die erediens? Daar bestaan vier moontlikhede: Die pragmatiese beginsel - dit wat werk, waarvan die mense hou; die tradisionele beginsel - die vashou aan alles wat oud is. Die empiriese beginsel - dit wat deur empiriese ondersoeke vasgestel word en die teologiese beginsel - omdat die erediens 'n antwoord op God se werk is, Hy dit moontlik maak en dit volgens sy wil moet geskied, moet ons altyd van God en sy geopenbaarde Woord uitgaan. Steeds moet God die sentrale plek inneem en die erediens moet só na inhoud en vorm ingerig word dat dit vir Hom welgevallig is en Hy daardeur verheerlik word. Barnard kies vir laasgenoemde. Hy waarsku egter teen twee gevare: Die blik moenie só op die mens val dat God en sy diens vergeet word nie. Die blik moet ook nie só op God val dat die mens en sy leefwêreld buite die blikveld val nie.

Onder vernuwing verstaan hy nie om die ou dinge en ou vorme te behou, maar dit net anders te sê en te doen nie. Dit is ook nie slegs 'n terugkeer na die vroeë kerk of die reformasie nie. Dit is ook nie net lapwerk aan die bestaande nie. Vernuwing is totale vernuwing van die erediens - vernuwing van die vorm en die inhoud, selfs vernuwing van die liturg en die gemeentelede.

Die teologiese onderbou wat Barnard gee is baie goed. Hy laat egter, net soos die vorige skrywer, na om werklik vanuit sy gestelde beginsels 'n bepaalde praktyk voor te stel.

Dit is 'n vraag of totale vernuwing van die erediens prinsipieel

geregverdig is. Die Bybel gee nie vir ons vaste voorskrifte oor die erediens nie, maar gee tog 'n aantal breë beginsels. Die vroeë kerk en die reformatore het hierdie beginsels toegepas met die resultate van 'n erediens met 'n bepaalde vastigheid waarbinne variasie voorkom. Sekere basiese liturgiese elemente het byvoorbeeld voorgekom en binne hierdie breë basis het hulle die bepaalde elemente anders ingeklee en anders gerangskik.

Afgesien van die enkele punte van kritiek is hierdie publikasie 'n waardevolle boek wat elke predikant wat erediens hou, behoort te benut.

---

Langley, MR 1989 - Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876)

Potchefstroom: IRS, PU vir CHO. 16 bladsye. Prys R5,00

**Resensent: Prof SJ Botha**

Die IRS het in 1984 begin met 'n reeks *Reformatoregalery*. In 'n opvolgreeks word aan 'moderner reformatoriese denkers' aandag gegee en in hierdie bepaalde geval aan die bekende en interessante Nederlandse figuur G Groen van Prinsterer. Hierdie nommer is 'n vertaling van 'n artikel van Langley, nuusredakteur van die blad *Eternity* wat met toestemming van en na redigering deur die skrywer self, in Afrikaans onder sy naam gepubliseer word.

Aan die einde van die werkie is 'n beknopte literatuurlys vir die studie oor Groen van Prinsterer, saamgestel deur dr AJ van Dijk wat binnekort oor Groen promoveer, toegevoeg.

Tereg word Groen 'n 'boeiende figuur in die geskiedenis van die reformatoriese denke' genoem. In 'n brosjure van slegs sestien bladsye kan moeilik meer as net aan enkele hooftrekke en dan sekerlik ook net redelik oorsigtelik, van Groen, wat ook die vader van die anti-rewolusionêre reformatoriese politiek genoem word, se lewe en werk aandag gegee word. Die skrywer self gee toe dat hy hoogstens enkele flitse uit die ryk en geseënde lewe van Groen kan weergee.

Die tien kort hoofstukkies of paragrawe, bied egter 'n interessante kyk in die lewe en werk van hierdie man, wie se gedagtes nie totaal vreemd en onbekend is in Suid-Afrika nie. Groen was historikus, staatsman, kerkleier en 'n leidinggewende figuur in die Reveil wat meer as 'n eeu gelede reeds oorlede is maar wat, volgens die skrywer, met sy Christelike anti-rewolusionêre boodskap steeds vir ons vandag in Suid-Afrika relevant is.

As hierdie kort brosjure daarin kan slaag om in Suid-Afrika weer nuwe belangsteling te wek in Groen van Prinsterer, wat ook 'n belangrike dryfkrag en voorstaander van Christelik-nasionale onderwys in Nederland was, dan was hierdie enkele bladsye

nie tevergeefs geskryf nie.

Die brosjure word van harte aanbeveel.

---

Smuts, AJ (red) 1988. Praktiese Teologie in Suid-Afrika (5). **Perspektiewe en pastoraat**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 106 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Prof TFJ Dreyer

Hierdie uitgawe van *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* is 'n temanommer wat in sy geheel aan aspekte van die pastorale sorg gewy word. Dit bestaan uit artikels oor 'n wye reeks onderwerpe op die terrein van die pastoraat, uit die pen van verskillende outeurs. Juis omdat daar verskeie medewerkers is, kan die publikasie moeilik as geheel bespreek word en noop dit die resensent om inhoudelik enkele opmerkings oor elke artikel afsonderlik te maak.

## INHOUDELIK

**Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings ('n Posisiebepaling na 25 jaar) - JT de Jongh van Arkel**

Die outeur trek enkele kontoere van die ontwikkeling binne die vakgebied van die pastoraat oor die afgelope 25 jaar. Hy slaag daarin om in 'n neutedop die belangrikste eksponente aan te toon, wat uitgeloop het op die indra van bepaalde psigoterapeutiese metodes in die pastoraat. Hy toon aan dat hierdie ontwikkeling 'n ongemak veroorsaak het met die toepassing van terapeutiese tegnieke op *alle* vorms van die pastoraat (bl 3). Vanuit hierdie problematiek bepleit hy 'n onderskeiding tussen die basiese vorms of gestaltes van die pastoraat, naamlik: onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad. Hierdie onderskeiding probeer hy tereg nie Bybels regverdig nie, maar sien dit as die resultaat van voortgaande institusionalisering.

Onderlinge pastoraat vorm die basis van alle ander vorms van pastoraat, dit is die pastorale mede-verantwoordelikheid van alle gelowiges onderling. Hierdie onderlinge sorg van 'leke' teenoor mekaar, beteken nie dat hulle 'geskool' moet word nie, want, haal hy aan uit Burck: 'This is described as the priesthood of all believers, but it is actually the priesthood of selected believers' (bl 5). Hulle begrip van wat hulle reeds doen, kan net in die lig van die evangelie verbreed en verdiep word.

Pastorale sorg word uitgevoer deur die besondere ampte sowel as deur pastorale medewerkers. Dit sluit aksies soos huisbesoek en siekebesoek in. Dit vereis kundigheid en skoling en funksioneer binne 'n sterk morele, kerklike konteks. Hierdeur wil hy juis verhoed dat gespesialiseerde beraad deur predikante vir die pastorale sorg normatief gemaak

word.

Die derde vlak van die pastoraat beweeg in die vlak van gespesialiseerde hulpverlening saam met ander beroepe. 'Wat hiervoor nodig is, is 'n uitgebreide kennis van praktiese teologie, pastorale teologie, godsdienspsigologie en pastorale sielkunde' (bl 8). Hy wil egter hierdie gespesialiseerde pastoraat nie losmaak van die gemeenteverband nie en wys tereg op die gevare wat so 'n isolering sou inhou.

Die outeur slaag daarin om deur hierdie onderskeiding nie slegs 'n akademiese bydrae te lewer nie, maar bestaande verwarring in die praktyk van die pastoraat daardeur op te helder en sodoende 'n positiewe bydrae tot die vakgebied en die kerklike dienswerk te lewer.

### Die herder-kudde metafoor as vertrekpunt in die pastoraat en die betekenis daarvan vir gemeentebou - Pieter J Rossouw

Die probleem wat die outeur in sy artikel belig is die huidige aksent wat gelê word op gemeentebou en die daarmee gepaardgaande liggaam- en boumetafore, waardeur soms by implikasie gestel word dat die gemeente moet loskom uit die onmondigheid waar die ampte as funksionarisse optree en die gemeentelede grootendeels passief is (bl 15).

Aan die hand van sekere Skrifgedeeltes bespreek die outeur die herder-kudde-metafoor en kom tot die gevolgtrekking dat: 'Die herder-kudde-metafoor en ander metafore (soos die liggaam-metafoor) staan op geen wyse in 'n spanningsvolle verhouding nie. So is die herders ook werksaam in die 'liggaam'; rus die herders ook lede van die liggaam toe; werk die herders ook aan die opbou van die liggaam' (bl 23).

Binne die debat wat tans oor die saak aan die gang is, lewer hy 'n positiewe bydrae om juis te waarsku dat die een metafoor nie ten koste van 'n ander afgespeel moet word nie, maar dat dit komplementerend tot mekaar gebruik moet word. Die artikel bied 'n gebalanseerde teologies-akademiese perspektief - die vraag is egter of hierdie gebalanseerde, komplementering van Bybelse metafore in die praktyk van die gemeentelike lewe tot sy reg kom? Is daar nie tans in baie opsigte 'n skeeftrekking na 'n eensydige karikatuur van die herder-kudde-metafoor nie? Die vraag bly onbeantwoord.

### Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering - CJH Venter

Nadat die skrywer as agtergrond 'n oorsig gebied het van die besinning oor die pastorale gesprekvoering en tendense in dié verband, gaan hy daartoe oor om vanuit die Nuwe Testament riglyne vir die pastorale gesprekvoering te trek.

Hy vestig vanuit die Nuwe Testament weer opnuut die aandag op sekere grondliggende vereistes vir die pastorale gesprek, wat in die siel-

kundige benadering dikwels uit die oog verloor word, onder andere die beslissende rol van die Heilige Gees; die eiesoortige pastorale verhouding; die geloof as onderbou; die gesag en gesindheid.

Die verdienstelikheid van die bydrae is daarin geleë dat die pastor weer daarvan bewus gemaak word dat die pastorale gesprek, ook in sy implementering van gespreksteg-nieke, nog steeds sy karakter, soos weerspieël in die Skrif, moet behou. Die pastorale gesprek, bly vanuit die perspektief *sui generis*.

Met die deurlees van die artikel is daar benewens die verdienstelik-heid daarvan tog die steurende gewaarwording dat Bybelse sitate soms geforseerd gerek word om as bewysplaas vir sy uitsprake te dien, byvoorbeeld: 1 Timoteus 3: 4 word gebruik as motivering vir die vereiste dat 'n herder goeie verhoudinge moet kan bou en bevorder (bl 35); Johannes 3: 2 en 1 Timoteus 5: 23 word aangewend as bewys dat die herder nie net mag fokus op die innerlike of die siel nie (bl 36).

### Gesinspastoraat as 'n sisteembediening aan die verbondsgesin - DJ Louw

Met sy kenmerkende filosofiese styl en kreatiewe skepping van begripsmateriaal benader Louw sy onderwerp. Hy wys eers op die belangrikheid van 'n gesonde huweliks- en gesinslewe vir gemeentebou. Die huisbesoek is tradisioneel gesien as gesinsbediening. Hy toon egter aan dat huisbesoek gerig is op individue binne die gesin en nie op die gesin as sisteem nie.

Vanuit 'n oorsig van literatuur rondom die sisteemteorie en die interaksionele-model, toon hy sekere winspunte aan wat so 'n sisteem-bediening of gesinspastoraat vir die kerklike bediening en in besonder die huisbesoek kan inhou.

In die artikel verskaf die skrywer waardevolle inligting in verband met die sisteemdenke en die toepassingsmoontlikhede vir die pastoraat. Om op grond van dié gegewens werklik 'n sinvolle gesinsbediening in die kerk te vestig, lyk myns insiens riskant. Die sisteemteorie ontbloot 'n kompleksiteit van interaksies, maar die hantering en implementering daarvan sal vir die pastoraat noukeurig verfyn moet word, want dit berus op 'n kundigheid en vaardigheid waaroor die pastor nie beskik nie.

Sommige uitsprake in die artikel wek die indruk van simplifisering van die probleem. As hy op bladsy 39 en 40 'n saak daarvoor probeer uitmaak dat disfunksionele kommunikasiestyle die hoofoorsaak is van huweliksverbrokkeling, dink die leser onwillekeurig daaraan dat teologies gesien, die probleem vanuit die perspektief van die sonde en gebrokenheid van die mens wyer strek as disfunksionele kommunikasiestyle. Op bladsy 41 stel hy: 'Dit is duidelik dat gesin en gemeente vanuit die verbondsperspektief komplimentêre begrippe is.

Die implikasie van hierdie teologiese perspektief op die gesin is dat die opbou van die gemeente begin by die opbou van die huwelik'. Dit wek verkeerdelik die indruk dat die primêre instrument tot gemeentebou, naamlik die prediking in die erediens, gedegradeer en afhanklik gemaak word van gesinsbou deur gesinsbediening.

**Die pastoraat in diens van die eenheid van die kerk - TM Snyman**

Die eie aard en verskillende dimensies van die eenheid van die kerk wat gedien kan word deur die pastoraat, word deur die outeur uitgelig.

Die skrywer gaan uit van die standpunt dat die kerk 'een' is (bls 66). Hy stel uitdruklik dat hy nie wil ingaan op die wese van die eenheid nie, maar op die wyse waarop die eenheid sigbaar gestalte moet kry sodat die wêreld dit kan sien eñ glo (bl 67). Hy onderstreep enkele belangrikke fasette van die pastoraat wat hierdie eenheid kan dien. Deurgaans bly die vraag egter of 'n mens oor die wyse van eenheid kan praat, sonder om duidelik te definieer wat die *wese* van daardie eenheid is. Juis as gevolg van die leemte verlei dit die outeur om 'eenheid' ongekwalifiseerd op verskillende dimensies van die pastoraat toe te pas. Eenheid word dan die doel van die pastoraat (bl 75) in plaas daarvan dat gekwalifiseerde 'eenheid' die gevolg is van verantwoordelike pastorale bediening.

**Kenmerkende eise van jeugpastoraat - OHS Raubenheimer**

Die artikel belig die eie aard van die jeugpastoraat ten opsigte van die stereotipes wat die jeugpastoraat kortwiek. Hy verskaf 'n breë raamwerk waarbinne jeugpastoraat moet geskied.

In kort kom dit daarop neer dat die eise wat geld vir die pastoraat en pastorale beraad in die algemeen, van toepassing gemaak word binne die verwysingsraamwerk van die jeug in die besonder. Die outeur bring nie nuwe insigte na vore nie, maar slaag daarin om bestaande kennis te orden en toe te spits op jeugpastoraat. Vir die persoon wat in besonder met jeugwerk gemoeid is, kan dit bydra tot groter begrip vir die jeug en 'n meer simpatieke benadering

**Anorexia Bulimia: Beraad en konseptualisering vanuit 'n Bybelse gesigshoek - H Eagleton**

Die skrywer baseer sy artikel op sy doktorale proefskrif oor die onderwerp. Dit blyk uit die artikel dat hy oor 'n magdom inligting beskik wat hy hier in 'n kort artikel probeer weergee. Dit frustreer omdat 'n klomp inligting verkry word sonder om dit sinvol in praktyk vir dié pastor te verwerk. Dit is altyd die risiko wanneer die gegewens van 'n proefskrif in 'n artikel verwerk moet word. Aan die ander kant slaag die outeur daarin om 'n mens se belangstelling as pator vir hierdie onderwerp te prikkel. Vir diegene wat meer oor

die probleem van anorexia bulimia te wete wil kom, is hier, in 'n neutedop, 'n klomp verwysingsmateriaal beskikbaar. Dit lyk tog gevaarlik vir 'n pastor om bloot op grond van die inligting in die artikel dit te waag om die komplekse probleem van anorexia bulimia pastoraal aan te durf. 'n Mens sou graag in die toekoms wou hê dat die skrywer in 'n meer verfynde vorm sy navorsing vir die pastores ontgin.

FORMELE VERSORGING

Die publikasie is netjies versorg en word op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse, met uitgebreide bronverwysings aangebied. Enkele spel en tikfoute en veral drukfoute by afkappings van woorde aan die einde van 'n reël is hinderlik.

ALGEMENE OPMERKINGS

Hierdie publikasiereeks vanuit die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, lewer 'n welkome bydrae om die prakties-teologiese gesprek op eie bodem te stimuleer. Hierdie besondere temanommer word by alle predikante en veral diegene wat belangstelling het in die Praktiese Teologie, aanbeveel.

---

**Labuschagne, CJ 1987 - Deuteronomium, deel 1A**

Nijkerk: GF Callenbach. Reeks: De Prediking van het Oude Testament. 311 bladsye plus brosjure van 36 bladsye. Prys R97,10

**Resensent: Prof JA Loader**

Met hierdie lywige volume het die eerste band van prof Labuschagne se lankverwagte Deuteronomiumkommentaar verskyn. Verskeie aspekte van die boek dui daarop dat ons hier met die outeur se *opus magnum* te doen het/gaan hê. Die blote omvang wys al in dié rigting: 311 + 36 = 347 bladsye oor nog geen vier hoofstukke van Deuteronomium (1: 1-4: 43). Deel 1B word ook in die inhoudsopgawe verwerk (282 bladsye oor 4: 44-11: 32 plus 10 bladsye postlegomena en waarskynlik ook 'n bylae van etlike bladsye bevattende die logotegniese analise van dié deel van Deuteronomium), maar om een of ander onverklaarbare rede is hierdie belangrike afdeling van die kommentaar se eerste deel nie vir hierdie resensie beskikbaar gestel nie. Naas sulke kwantitatiewe waarnemings val dit die leser ook op dat die skrywer meermale wys op die groot hoeveelheid werk wat daar nog op hom wag en dat hy hoop om later nog in groter detail op dit of dat terug te kom. Dit dui ook op die omvang van wat ons in die toekoms te wagte kan wees.

Ook prof Labuschagne se voorarbeid wat in talle tydskrifartikels en bydraes tot versamelbundels verskyn het, sowel as die reaksie - soms heel heftig - wat dit by ander outeurs opgeroep het, bevestig die indruk wat die leser reeds by die deurwerk van die eerste bladsye van die kommentaar kry: hier het ons te doen met die kulminasie van die outeur se Ou-Testamentiese studies.

As daar een ding is waaroor lesers dit met mekaar ten aansien van hierdie boek eens sal wees, is dit die outeur se eie waarskuwing (in die 'Verantwoording') dat die kommentaar nie sommer lekker 'even te lezen' is nie. Vir die leser wat nie bereid is om moeite te doen met sowel die Hebreeuse teks van Deuteronomium as Labuschagne se kommentaar daarop nie, sal die boek waardeloos wees. Dit is naamlik die eerste grootskaalse ontplooiing van die outeur se teorie van getalskomposisies en die daarvoor ontwerpte logotegniese analise. In groot detail word die teks van Deuteronomium aan die hand hiervan ontleed en bespreek, en daar word van die leser verwag om hierdie weg saam met die kommentator te bewandel.

Labuschagne het veel te danke aan die Oostenrykse Ou-Testamentikus Claus Schedl, wat reeds in 1974 die aandag gevestig het op die strukturerende rol van getalle en wat 'n 'logotegniese' metode vir die analise daarvan ontwerp het. Hierdie afhanklikheid word dikwels in die kommentaar (en in die daaraan voorafgaande artikels) erken. Soms, sou ek sê, word Schedl se verdienstes so entoesiasties aangeprys dat dit grens aan 'n apologie vir die Oostenryker se lewenswerk.

Volgens Labuschagne is Deuteronomium na-eksiliese pseudepigrafiese prediking waarin die grondreëls vir die oorlewing van Israel uiteengesit word. Die materiaal toon invloed uit die tydperk voor die konings en ook van die voor-eksiliese profete, maar dit is onmoontlik om 'n 'Oer-Deuteronomium' te rekonstrueer.

Die 'geheel nieuwe' benadering van die kommentator bestaan daarin dat hy volstrek van die eindteks uitgaan om sy logotegniese analise te maak (hy gebruik 'n faksimilee van *Codes Leningradensis*). Dit beteken dat elke tekseenheid in sy kleinste dele volgens die Masoretiese Teks (verse en sinsdele) uiteengehaal word, waarna 'n inhoudelike analise (die aanduiding van bv verhaal en rede, opdrag en motivering, subjek, ens) en 'n vormanalise (die aanduiding van balanserende strukture in die twee helftes van elke vers) gedoen word. Hiervolgens word die *getal* woorde in die teksonderdele noukeurig getel en die resulterende strukture getabelleer. Dit bring allerlei interessante patrone in die verhouding van die hoeveelheid woorde in die verskillende verseenhede na vore ('n verskeidenheid chiastiese patrone, die 7+4-patroon,

die Dekaloogpatroon, die Menorapatroon, die balansmodel, konsentriese patrone, en tetraktyspatrone).

Die *pièce de résistance* van die kommentaar bestaan uit die blootlegging van hierdie strukture. Uiteraard is die boek daarom nie lekkerleesliteratuur nie. Die brosjure wat as bylae aangebied word, bevat 'n oorsig van die Hebreeuse teks in transkripsie en 'n samevatting van die resultate van die telproses. Elkeen wat die kommentaar ter hand neem, sal hiermee erns moet maak om waarde daaruit te put.

Getalle het volgens Labuschagne nie allen 'n teksstrukturerende funksie nie, maar ook 'n teksverdiepende funksie. Die getalle 10, 7, 11, 13 en 17 sowel as hul veelvoude beheers die struktuur van die boek Deuteronomium. Sulke getalle het egter ook simboliese waarde. Dié van 7 en 10 is algemeen bekend, maar verskeie ander getalle het ook diepsinnige betekenis wat op grond van hul gematriese of ander waardes vasgestel kan word. Die skrywer toon aan die hand van verskeie voorbeelde dat daar 'n samehang tussen die numerieke vorm en die inhoud van die teks is (bv 4: 9-10, 'n inleiding tot die verbondsluiting, is gestruktureer uit 18+36=54 woorde omdat 54 die getalswaarde [volgens plekwaarde] van sowel die woorde הַדְּבָרִים as בְּרִית verteenwoordig). Hy is egter ook versigtig om daarop te wys dat hieroor nog geen ondersoek gedoen is nie, en dat hy slegs 'n beskeie begin daarmee wil maak.

Die getalstrukture in die boek bevat 'n kode, 'n latente boodskap, en: 'Wie de code kent, verstaat de boodschap' (bl 47). Hier, lyk dit my, lê 'n probleem wat opheldering verdien. Ietwat later betoog die kommentator dat die esoteriese getalstrukture die skrywersgeheim van ingewydes was en beslis nie deur die gewone hoorders of lesers van die teks ingesien is nie (bl 48). Dit werp weer verrassende lig op 29: 28: 'Die verborge dinge is vir Jahwe ons God, maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders vir altyd, sodat ons al die woorde van hierdie wet kan volbring'. Die 'primaire betekenis' - so betoog Labuschagne - of die klaarblyklike, geopenbaarde boodskap van die teks is vir die 'gewone' mense, maar die verborge numerieke aspekte van die teks is vir die eer van God bedoel. Dit het egter implikasies: Die esoteriek wat vir God se eer bedoel is, kan dienooreenkomstig nie deel van die 'boodskap' aan die gewone mense wees nie. Dus kan die logotegniese ontbloting van hierdie verborge numerieke aspekte van die teks in prinsipe wel tot die verklaring van die eindgestalte van die Hebreeuse teks bydra, maar nie tot die uitleg van die boodskap of 'primaire betekenis' daarvan nie. Dit is dus nie nodig om die kode te ken voordat die boodskap verstaan kan word nie.

Laat ek erken dat ek aanvanklik, toe prof Labuschagne my in die vroeë tagtigerjare met sy logotegniese

analise bekend gemaak het, tegelyk geboei en ietwat terughoudend was. Sy volgehoue stroom geskrifte en nou hierdie kommentaar, het my egter oortuig dat hy - soos ons in Afrikaans sê - 'n punt beet het. Soos hy graag uitwys, iedereen wat Hebreeus kan lees en kan tel, kan gaan kontroleer of die getalle en die woordpatrone daar staan soos hy beweer. En daarmee kan niemand stry nie - hulle staan daar! Dit is wel moontlik om oor kleiner puntjies te verskil, maar of daar in vers soveel, presies soveel woorde vóór en soveel ná die *'atnāḥ* staan, is konroleerbaar.

My kritiese vraag gaan nie hieroor nie, maar staan in verband met wat ek hierbo oor die boodskap betoog het. Selfs as ons toegee dat ons met 'n deurdagte getalskomposisie in die boek Deuteronomium te doen het en as ons aanvaar dat daar 'n verband tussen die teksstrukturering en die teksverdieping bestaan, dan bly dit nog 'n vraag watter *primêre* bydrae die blootlegging van ongelooflik komplekse numerieke patrone tot die evidente prediking van Deuteronomium lewer. Die kommentator se eie betoog lui dat die genre van die boek *prediking* is en dat dit numerieke patrone die *geheim* van die ingewydes in die skrywersgilde was. Dit lyk my of hierdie twee elemente alleen kombineerbaar is as hulle op verskillende vlakke funksioneer, naamlik dié van boodskap vir gewone mense en dié van die religiositeit van die skrywersgilde. As dit reg is, lyk dit my dat die bydrae van hierdie kommentaar nie primêr op die terrein van *De Prediking van het Oude Testament* lê nie, maar op die verklaring van die struktuur van die eindredaksie en die gepaardgaande kodes wat uitsluitlik of vernaamlik binne die kring van die redaktore, geheime waarde gehad het. Dit neem natuurlik nie weg dat die kommentator self hierdie netwerk van kodes kan interpreteer en vir sy eie prediking op grond daarvan vrugbaar kan maak nie. Maar as die kodenetwerk alleen ingewydes se esoteriese verheerliking van God is, kan dit nie ook prediking vir die oningewydes wees nie.

Hiermee gepaard gaan nog 'n vraag. Labuschagne meen dat die literêre teksondersoek van die historiese onderskei moet word, maar verstaan dan onder eersgenoemde die vasstelling van wat bepaalde redaktore in bepaalde omstandighede geglo en bedoel het. Hy laat telkens blyk dat die numerieke struktuur van die eindteks vir hom 'n *historiese* gegewene is. Keer op keer gaan dit daarom dat ons sal sien wat die redaktore met hulle woordpatrone *bedoel* het. Ons het hier nie te doen met een van dié benaderings wat deesdae 'literêr' *par excellence* heet nie, maar met 'n poging om die effek waarna die na-eksiliese redaktore van Deuteronomium gestreef het, hulle bedoelings en hulle religiositeit, vas te stel. Dit is wat die redaksiekritiese aspek van die Ou-Testamen-

tiese dissiplines doen. Prinsipieel val hierdie werkwyse dus onder die redaksie-kritiese aspek van die historiese dissiplines. In die praktyk word daar met die logotegniese analise 'n hele wêreld van ingewikkelde strukture geopen, maar dit kan nog steeds 'n plek in die ensiklopedie van die tradisionele histories-kritiese metodes gegee word.

Labuschagne ontken nie die reg van die rekonstruksie van vroeëre stadia van die tradisie nie (so eksplisiet op bl 14). Die vraag is nou waarom sulke studies, as hulle prinsipieel moontlik is, nie ook teologies betekenisvol kan wees nie. Hy sê dit nie, maar hy impliseer dit wel deur hierdie dimensie in sy kommentaar te vermy. Dit is sekerlik korrek om, soos hy, te ontken dat die sleutel tot die verstaan van die teks 'uitsluitend' in die onstaansgeskiedenis lê. Dit is die verdienste van die 'literêre' metodes dat hierdie insig vandag vrywel oral inslag gevind het. Maar dit sou óók eensydig wees om te meen dat die sleutel alleen in 'n logotegniese analise of soortgelyke ondersoek lê. Die rekonstruksie van vroeëre strata van die teks is godsdienshistories belangrik en dit het ook *teologiese* waarde. Daarom is daar ruimte vir verskillende soorte kommentare om hul bydraes tot ons insig in De Prediking van het Oude Testament en die teologie te lewer.

Die kommentaar van prof Labuschagne is baie geëngageerd geskryf - om even 'n Nederlandisme te gebruik. Dit het die voordeel dat die erns en entoesiasme van die outeur aansteeklik op die leser inwerk. Dit het egter ook die nadeel dat sommige lesers die aanbieding ietwat apologeties mag vind en mag dink dat die outeur té hard probeer. Die boek is egter sonder twyfel 'n belangrike bydrae tot die serie *De Prediking van het Oude Testament* en die kommentareliteratuur oor Deuteronomium. Elkeen wat ernstig is met die ondersoek van hierdie Bybelboek, sal rekening moet hou met die indrukwekkende stuk geleerdheid van ons Groninger-kollega.

---

**Fowler, S 1988 - The state in the light of the Scriptures**

Potchefstroom: IRS, PU vir CHO. 52 bladsye. Prys R4,00

**Resensent: Dr DJ Smith**

Fowler handel oor talle verskillende aspekte van die verhouding: kerk en staat. Hy het 'n praktiese gerigtheid op die verhouding soos dit in ons dag ter sprake is. Hoewel hy vanuit die Australiese situasie skryf, is alles wat hy sê, ook relevant vir Suid-Afrika.

Hy kom met heelwat stellings na vore wat 'n mens 'n tweede keer laat nadink. Hy toon byvoorbeeld aan dat Jean Jacques Rousseau se idee van die sosiale kontrak die basis van alle moderne opvattings oor die staat, wat

wyd aanvaar word, vorm. Selfs talle Christene aanvaar dit as die korrekte. Hierteenoor stel hy dat die gedagte van die sosiale kontrak in der waarheid in teenstelling met die Bybelse opvatting is. Hy stel dat die staat nie tot stand gekom het omdat mense besluit het dat hulle die staat nodig het en toe 'n sosiale kontrak aangegaan het nie, maar omdat God besluit het dat mense 'n regering nodig het en so die staat ingestel het.

Hy stel ook: die staat is nie die dienskneg van die volk nie, en ook nie verantwoordelik aan die volk nie, maar die regering moet in die laaste instansie aan God verantwoording doen oor hoe hulle regeer en nie aan die mense nie.

Hy sê verder: dit is nie die volk wat besluit watter gesag die staat mag hê en nie mag hê nie. Dit is God wat die gesag gee en nie die mense nie. Die staat se gesag sien hy dan in die handhawing van geregtigheid (hieroor later meer). Dit is al waarvoor 'n staat sy gesag mag gebruik. Indien 'n staat sy mag gebruik om byvoorbeeld bloot net homself aan bewind te hou, is dit 'n magsmisbruik.

'n Interessante gedagte wat hy na vore bring, is dat die staat nie die volle organisasie van die gemeenskap op hom behoort te neem nie. Die staat is nie veronderstel en kan nie al die ekonomiese, morele en sosiale probleme van die gemeenskap oplos nie. Dit is volgens hom een van die ernstige foute wat in die moderne politieke denke gemaak word, naamlik dat veronderstel word dat as die staat slegs op die regte manier sou optree, dan sal dit vanselfsprekend die voorspoed en welwese van die samelewing verseker. Dit is nie 'n mag en gesag wat God aan die staat gegee het nie. Die staat kan net een ding effektief doen, naamlik dit waarvoor dit deur God aangestel is, en dit is om die wandade wat mense teenoor hulle medemense pleeg, te voorkom en dit te straf.

Wanneer hy oor die verskillende vorme van regering praat, maak hy die volgende stelling wat 'n mens tot diepe nadenke stem (bl 5): 'A government is not necessarily good because it is elected by the people, and neither is it necessarily a bad government because it is not elected by the people. There is no principle that allows us to judge the goodness or badness of a government by how much say the people may have. What is quite crucial in determining whether or not a government is a good government is the question of how well justice is being administered in the country. It is also not very useful to talk about whether a government is Christian or not. That can indeed be very confusing since Christian people may act in government in disobedience to the Word of the Lord, and non-Christian people may act in matters of government more in accordance with the Word of the Lord for government than Christian people do. A much better question to ask than "Is the govern-

ment Christian?" is "Is the government acting according to the Word of God for government?" "Is it doing what the Word of God says government should do?" If a particular government is doing what the Word of God says governments should do, then Christians should be opposed to that government no matter who holds the power of government'.

'n Belangrike aspek van Fowler se denke is dat hy die staat se gesag suiwer sien as die handhawer van openbare en juridiese geregtigheid. In die verband speel sy interpretasie van Romeine 13 'n belangrike rol. Hy is van mening dat Romeine 13 verkeerd verstaan kan word in die lig van Romeine 12: 19-21. In Romeine 12: 19-21 word alle pogings tot persoonlike vergelding vir onreg wat 'n mens deur ander mense aangedoen is, afgewys. Sodanige vergelding moet in die hande van God gelaat word.

Maar hoe voer God sy vergelding uit teenoor mense wat onreg teenoor hulle medemense gepleeg het? Paulus stel in Romeine 13 dat God die staat aangestel het as die uitvoerder van sy oordeel oor sodanige kwaad. Tot met die eindoordeel stel God die regerende gesag van die staat as sy dienskneg aan om vergelding tot uitvoer te bring oor die mense wat onreg aan hulle medemense doen.

Die staat is dus nie gemoeid met sleg en goed in die algemeen nie, maar met sleg en goed in terme van openbare geregtigheid. Die slegte dinge wat die staat moet straf, is die onreg wat mense, individueel of in groepsverband aan hulle naaste doen. Die goeie wat die staat moet bevorder, is geregtigheid onder sy onderdane.

Romeine 13 kan nie gebruik word om 'n standpunt te ondersteun wat die mag van die swaard van die staat verder wil uitbrei as die vereiste van openbare geregtigheid onder mense nie.

Fowler beskou dit gevolglik as 'n misvatting wanneer Romeine 13 gebruik word om aan te voer dat die staat 'n plig het om die Christelike geloof te bevorder en te onderhou. So ook beskou hy dit as 'n misvatting wanneer gestel word dat die staat sy magte moet gebruik om immoraliteit en sedelike verval uit te roei.

Dit beteken nie dat die staat niks te make het met geloof en sedes nie, want die staat staan tog uiteindelik onder die heerskappy van Christus en geloof kom daarin ter sprake of die staat eksplisiet of implisiet Christus as Heer bely of loën. Die staat is ook onderworpe aan die norme van sedelikheid waaraan sy optrede gemeet moet word.

Die staat kan wel sake van geloof en sedes die voorwerp van sy regerende mag maak, soos in dispute tussen kerke of kerke en 'n individu of besigheidsonderneming, en ook in sedelike sake soos sensuur. In sodanige sake moet die staat hom egter nie laat lei deur geloofs- en etiese vrae nie, maar

moet hom in sy optrede laat lei deur die vraag van geregtigheid en dan spesifiek deur die vraag van openbare of publieke geregtigheid, want dit is waar die staat se gesag setel.

In die opsig stel hy ook dat die staat nie die instrument van die volk is om die wil van die meerderheid uit te voer nie. Die staat kry sy opdrag en gesag van God en nie van die mense nie, en die opdrag is dat geregtigheid aan almal betoon moet word en nie om die belange van die meerderheid te dien of die wil van die meerder-heid uit te voer nie.

Ons kan nog op etlike stimulerende gedagtes van Fowler wys, maar bogenoemde is genoem om aan te toon dat hy weldeurdagte stellings na vore bring. Hy het nog interessante menings oor die Christelike opvatting van die staat. Hy praat ook oor opvattinge oor regering soos dit in politieke partye en strominge na vore kom in Australië. Hy verwys dan spesifiek na konserwatisme, liberalisme, sosialisme en pragmatisme en dui tegelyk aan watter gedagtes daarin onaanvaarbaar is vir 'n Christen. Hier sê hy baie dinge wat net so op die Suid-Afrikaanse situasie oorgedra kan word.

Hy gee ook 'n redelik goeie historiese oorsig oor die verskillende opvattinge oor die verhouding kerk en staat, soos dit in die Christendom na vore gekom het. Hy wy ook 'n hoofstuk aan die gedagte van 'n Christelike ombudsman-aksie ('lobbying'). Die gedagte is aanvanklik heel vreemd, maar by verdere oordenking is daar tog beslis perspektiewe waaraan aandag gegee kan word.

Fowler bou sy redenasies op redelik stewige fondasies. Die krake in sy mondering kom egter na vore wanneer hy aan die einde van die boek met 'n gloeiende uiteensetting kom van die filosofie van soewereiniteit in eie kring van Abraham Kuyper en Herman Dooyeweerd. Dan blyk die gevaar van hoe maklik 'n mens onbedoeld in 'n denkpatroon kan verval wat, oorvereenvoudig, so voorgestel kan word: 'n filosofie gebou op die Skrif = Christelike Wysbegeerte = die Skrif. Dan maak 'n mens stellings met die veronderstelling dat die Skrif dit sê, maar in der waarheid is dit afgelei uit die (Christelike) Wysbegeerte.

Die werk van Fowler is beslis lesenswaardig en lewer 'n positiewe bydrae tot die debat oor die verhouding kerk en staat, politiek en godsdiens. Dit is sake wat, gesien die omstandighede in ons land, vir Suid-Afrikaanse teoloë van al groter belang sal word. Juis daarom word die boekie aanbeveel.

**Vorster, WS (ed) 1988 - The right to life: Issues in bioethics**

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 105 bladsye. Prys R14,50

**Resensent: Dr DJ Smith**

Soos die titel alreeds aandui, word daar in hierdie publikasie na die begrip lewe gekyk vanuit die verskillende dissiplines en verskillende perspektiewe.

AP du Toit benader die vraag, wat is lewe, vanuit 'n filosofiese hoek. Hy wys eerstens op die standpunte wat in die natuurwetenskaplike wêreld gehuldig word oor wat lewe is. Die teorie wat deur meeste natuurwetenskaplikes aanvaar word, is dat lewe niks meer is as besonder ingewikkelde en komplekse fisiese en chemiese prosesse nie, daarom is hulle stellings oor die oorsprong van die lewe byvoorbeeld beperk tot beskrywings van primitiewe lewensvorme, of lewe in aksie soos byvoorbeeld op mikrobiologiese vlak. 'n Mens sou natuurwetenskaplikes daarvan kon beskuldig dat hulle die begrip lewe vanuit 'n meganiese lewensbekouing benader omdat hulle so sterk op die empiriese ingestel is. Meganies in hierdie verband beteken dat lewe 'n soort van stoflike energie is of die resultaat van 'n kombinasie van stoflike energieë, dat dit verklaar kan word of uiteindelik verklaar kan word deur die wette van die fisika en die chemie, dat 'n lewende wese uiteindelik niks anders is as 'n ingewikkelde masjien nie.

Du Toit wys ook op die benaderings wat filosowe tot die vraag het van wat lewe is. Daar is 'n groep filosowe wat die vraag streng vanuit die empirisme wil benader. Dit beteken dat daar in die nadenke oor lewe weggebly moet word van ontologiese vrae en 'n mens jou self streng moet beperk tot 'n ontleding van die empiriese struktuur van die mens se lewe. Ander filosowe benader die vraag weer vanuit 'n eksistensialistiese hoek en hulle het probeer om die mens in sy totaliteit te sien en hulle het nagedink oor probleme soos die moontlikheid van die menslike lewe, subjektiwiteit, die betekenis van lewe en dood en ander menslike ervaringe.

Nog 'n groep benader die vraag vanuit 'n filosofie van syn en het hulle hoofsaaklik beperk tot 'n ontleding van syn. Hulle het gewerk aan 'n filosofie van die natuur, die mens, ensovoort.

Daar is laastens ook die filosowe wat hulle nie besig hou met al die voorvrae oor die mens se lewe nie, maar wat geïnteresseerd is in die vraag na die doel van die lewe. Hierdie benadering, wat ons eties kan noem, hou hom besig met vrae soos lewensstyle, 'n verantwoordelike lewe, interpretasies van die lewe of lewensbeskouings, die waarde van die lewe en lewenskwaliteit.

Du Toit wys ook daarop dat teoloë op die lang duur nie die natuur-

wetenskappe se bevindinge oor die vraag wat lewe is, kan ignoreer nie, en dat daar alreeds teoloë is wat voluit inval by die natuurwetenskaplike siening van lewe. Dit lei daartoe dat sekere teoloë aanvaar dat as 'n mens sterf, hy vergaan en daar nie sprake is van 'n voortgesette bestaan van die mens nie (sy siel). Daarom is die enigste vraag waarmee hulle hulle wil besig hou, die vraag na die sinvolheid van die menslike lewe.

Ferreira behandel die vraag van genetiese manipulasie en verwys na die gevare en vrese wat daarmee gepaard gaan, en gaan ook in op die etiese dilemmas waarmee ons in die verband gekonfronteer word.

Quigley handel oor die reg om met die menslike lewe te eksperimenteer vanuit die oogpunt van 'n mediese navorser. Hy handel oor baie van die sake wat tans in die brandpunt is, byvoorbeeld onder andere *in vitro* bevrugting. Hy handel ook oor al die regulasies en etiese kodes in die Verenigde State van Amerika wat sodanige eksperimente reël. Hy verwys ook na Internasionale konven-sies hieroor.

Pretorius handel oor die regsaspekte van die reg tot lewe. Hy handel oor die regsaspekte rakende die sogenaamde 'wrongfull life', dit wil sê waar die aanspraak gemaak word dat dit verkeerd en tot nadeel van die baba is dat toegelaat is dat so 'n baba gebore is, verder oor nadoodse kunsmatige inseminasie en oor surrogaatmoederskap.

Hulley het 'n interessante aanslag in sy artikel oor die reg om die lewe te beëindig. Hy het 'n styl wat 'n ineenvloeiing is van lekker gesels, verwysings na praktiese voorbeelde, filosofiese etiek en Christelike etiek. Die gevolg is 'n stuk wat vloeiende en gemaklike leesstof vorm en waar 'n mens insig kry in die benaderingswyses en paradigmas wat agter sekere standpunte oor die saak lê, maar wat tog die onbehaaglike gevoel by 'n mens laat dat die skrywer 'n mens nie werklik tot 'n stantpuntinname oor die sake wat hy aansny, lei nie.

Vanuit teologiese hoek gesien is dit nie 'n publikasie van uitstaande gehalte nie, maar dit bied tog interessante leesstof met bruikbare inligting van waarde vir die Christelike etiek.

---

**Rossouw, P 1989 - Ecumenical panorama: A perspective from South Africa**

Pretoria: NG Kerk Sinodale Sentrum. xi + 398 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Dr JJ Steenkamp

*Ecumenical panorama* bestaan uit agt hoofstukke en 'n aanhangsel (wat foutiewelik in die inhoudsopgawe by hoofstuk 8 gevoeg is). Die eerste hoofstuk beskryf 24 ekumeniese organisasies buite die RSA wat met die RSA verbind is of hulle met die RSA bemoei. Die tweede hoofstuk beskryf

veertig ekumeniese liggame binne Suid-Afrika. Hierdie twee hoofstukke beslaan 'n driekwart van die werk. Die laaste ses hoofstukke stel onderskeidelik nie-teologiese faktore se invloed op interkerklike verhoudinge, die beleidstuk *Kerk en Samelewing* in ekumeniese perspektief, iets oor informele ekumenisme, gebeure wat voorlê, statistiek oor godsdienste in die wêreld en 'n ekumeniese vooruitskouing.

Die doel van die publikasie is om aan Christene binne en buite die RSA 'n idee te gee van ekumeniese aktiwiteite wat met Suid-Afrika verband hou. Rossouw het daarin geslaag om 'n groot hoeveelheid organisasies op te noem.

## METODE

In die eerste twee hoofstukke wat die hoofdeel van die publikasie is, het Rossouw sommige organisasies blykbaar self beskryf. In ander gevalle wil dit voorkom of hy 'n medewerker of medewerkers se beskrywings benut het. Derdens het hy blykbaar beskrywings oor organisasies van dié organisasies self ontvang en dit dan net so gepubliseer.

Hierdie metode sou aanvaarbaar gewees het, indien die medewerkers by elke beskrywing vermeld is. Behalwe vir 'n dankwoord aan diegene wat inligting verskaf het (hulle name word nie gegee nie), word egter geen ander skrywer as Rossouw self aangegee nie. Die hele werk verskyn onder sy naam.

Die metode skep groot verwarring, want dit is nie in elke geval duidelik wie aan die woord is, dit wil sê die organisasie wat beskryf word, 'n medewerker of Rossouw self nie. Die verwarring word vererger deurdat beskrywings soms in die derde persoon begin word, maar later verval na die eerste persoon meervoud.

As gevolg van die metode is daar, naas verwarring, baie oneffenhede in die beskrywings. Die verskeidenheid outeurs veroorsaak 'n verskeidenheid in die beskrywings wat wissel van goeie saaklike stukke tot stukke met die voorkoms van opgewonde toesprake.

Verdere verwarring word geskep vanweë kritiese kommentaar wat telkens met die feitlike gegewens vermeng is. Die leser moet dus deurentyd probeer vasstel wie aan die woord is, terwyl dit in sommige gevalle net nie moontlik is nie. Voorbeelde hiervan kom voor op bl 30, 32, 46, 48, 51, 77, 87 en 90.

Hierdie defek word krities wanneer die een aspek wat die publikasie nuttig kon maak, vernietig word, naamlik organisasies se konstitusies. By sommige beskrywings word konstitusies opgeneem, maar nie volledig nie. So verskyn byvoorbeeld op bl 42, na artikel 16 van die statuut van die Christian Peace Conference, in hakies die invoeging '17-45 not relevant'. Die opname gaan verder vanaf artikel 46. Wie bepaal hier die tersaaklikheid van die artikels, die

Christian Peace Conference of Rossouw? Wie ook al, die nut van die konstitusie is vir die leser daarmee tot niet.

Die metode lei ook tot absurditeite. So kom byvoorbeeld op bl 15 in die beskrywing van die Association of Evangelicals of Africa and Madagascar (AEAM) die volgende voor: 'Where else in Africa can a sound biblical and culturally relevant theological training at a Masters level be obtained except at BEST-Bargui Evangelical School of Theology, in Central African Republic'. Wie sê dit, Rossouw of AEAM?

'n Verdere voorbeeld van hierdie eienaardige werkwyse is waar skynbaar die notule van 'n vergadering van die Belydende Kring se uitvoerende liggaam in telegramstyl net so weergegee word. Op bl 191 kom die volgende voor: 'The shortfall in the 1988 BK National Budget: we have problems!'

Hierdie tipe absurditeit spring nog meer in die oog wanneer verwysings na plekke en veral datums voorkom. So word na Bergen in Duitsland verwys as '... about 70 kilometers from here' (bl 114). Datums vererger hierdie absurditeite na onaanvaarbaarhede, aangesien dit herhaaldelik voorkom. Die publikasie verskyn in *1989* maar dikwels word verwys na gebeure wat nog in *1988* moet plaasvind. So byvoorbeeld op bl 31: 'Preparations are also made for the celebrations in 1988 for the 30th Anniversary ...' en op bl 296: 'For 1988 we plan....'

Wanneer al bogemelde defekte tesame met verskeie redaksionele foute in een stuk aangetref word, is die resultaat 'n totale chaos soos die beskrywing van die Wêreldraad van Kerke op bl 104-145. Indien Rossouw self die hele boek verwerk het uit inligting wat hy versamel het, sou sulke foute vermy kon word.

**INHOUD**

Die inhoud van die eerste twee hoofstukke gee 'n anduiding van bestaande ekumeniese organisasies. Uiteraard kan so 'n aanbieding nie volledig wees nie. Vanweë die gemelde probleme word die nut van dié twee hoofstukke egter uiters beperk.

Die derde hoofstuk is 'n opsomming van nie-teologiese faktore wat verhoudings tussen kerke bepaal. Hoewel Rossouw verwys na sommige sake in die res van die wêreld, is dit duidelik dat hy die skeuring in die Ned Geref Kerk met die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die oog het, sonder om dit pertinent te noem.

Die vierde hoofstuk is 'n verdediging van die beleidstuk Kerk en Samelewing en die gevolge daarvan. Weer eens is dit 'n weergawe waarin feite en eie opinie sodanig vermeng word dat die hoofstuk die voorkoms het van 'n bedenklike *apologia pro vita nostra*.

Die vyfde hoofstuk is 'n oproep

dat ekumene nie net tussen afgevaardigdes van sinodes bedryf moet word nie, maar veral deur lidmate op gemeentelike terrein. Die sesde hoofstuk is 'n opgawe van ses ekumeniese byeenkomste wat wêreldwyd in 1989 tot 1991 gehou gaan word, asook die vermelding van 'n beoogde konferensie van Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. Die sewende hoofstuk gee statistieke oor godsdienste in die wêreld en aannames vir die jaar 2000. Die agste hoofstuk is 'n oproep vir wat Rossouw 'n informele ekumenisme noem.

Waarskynlik die beste stuk in die werk is agt aanhangsels aan die einde wat volledig verskillende deklarasies weergee, byvoorbeeld die Universal Declaration of Human Rights.

## REDAKSIONEEL

Die redaksionele versorging van die werk laat veel te wense oor. Algemene foute wat voorkom, is die volgende:

### Opskrifte

Opskrifte het nie altyd, wat numering en lettertipes betref, dieselfde waarde nie. Gevolglik word die betrokke paragrawe nie na woorde aangebied nie.

### Aanhalings

Aanhalings word sonder bronneverwysings gegee, behalwe in gevalle waar dit uit die teks blyk. Aanhalingstekens word op die volgende bladsye soms weggelaat, soms foutief en inkonsekwent gedruk: bl 10, 113, 123, 133, 147, 179, 185, 192, 192, 194, 195, 206, 210, 219, 220, 221, 241, 245, 246, 254, 257, 314, 315, 337.

### Setfoute en/of spelfoute

Setfoute en/of spelfoute kom voor in die voorwoord, die inhoudsopgawe en verder op bl 9, 14, 15, 17, 18, 19, 54, 97, 100, 108, 120, 145, 149, 150, 170, 171, 174, 181, 183, 184, 185, 213, 227, 236, 249, 250, 251, 252, 264, 268, 274, 293, 294, 296, 321, 332, 336, 339, 340.

## SLOTOPMERKINGS

Met *Ecumenical panorama* lewer Rossouw sy eie pleidooi vir die aanvaarbaarheid van die Ned Geref Kerk in die ekumene. As sodanig is dit 'n voeler wat uitgesteek word om die pad te effen vir die Ned Geref Kerk terug na die Wêreldraad van Kerke. Daarom sou 'n subtitel wat dié feit weergee, pasliker gewees het. Die naïwiteit waarmee die werk egter aangebied word, maak dit moeilik om te aanvaar dat die publikasie in die voormelde doel sal slaag. Afgesien hiervan is dit inderdaad moeilik om te bepaal vir wie die publikasie werklik nuttig kan wees.

**Van der Walt, BJ 1989 - Antheunis Janse van Biggekerke (1890-1960): Môrester van 'n twintigste-eeuse reformasie**

Potchefstroom: IRS, PU vir CHO. 40 bladsye. Prys 5,00

Resensent: Dr JMG Storm

As ywerige leser van die IRS-reeks het ek hierdie werkie van prof BJ van die Walt gretig bekyk. Hierdie publikasie handel oor 'n nie-teoloog, Antheunis Janse van Biggekerke wat met woord en geskrif sterk standpunt ingeneem het teen veral die skolastiese dogmatisme in die Nederlandse kerkwêreld tussen die twee wêreldoorloë. In hierdie sin dus 'n reformator wat lidmaat wou wees van 'n belydende kerk in plaas van lidmaat van 'n starre belydeniskerk.

Die IRS-reeks, veral met betrekking tot die Moderne Reformatorelys, handel meer beperk tot kerk- en dogmenhistorici. Verdere kritiek teen die publikasie is dat dit so oorsigtelik is. Die skrywer besef dit egter self en gee toe dat die beperkte aantal bladsye wat vir die reeks Moderne Reformatore van die IRS toegelaat word, hopeloos onvoldoende is om aan die werk oor 'n persoon reg te laat geskied. Dit het die gevolg dat dit hoogstens 'n bekendstelling van 'n figuur is as 'n ontmoeting met hom. As gevolg van hierdie gebrek aan ruimte is daar nie plek vir die behandeling van die geskrifte van Janse van Biggekerke nie, maar slegs 'n kort weergawe van die skrywer se interpretasie.

Drie sake wat die skrywer op hierdie wyse behandel, is myns insiens belangrik en maak die publikasie die moeite werd om te lees, naamlik Janse se stryd teen die bevindings-teologie, sy reaksie ten opsigte van die skolastiese dogmatisme en sy siening oor die sterwe en die nadoodse. Veral ten opsigte van laasgenoemde kom Janse met sterk nuwe gedagtes na vore teenoor die tradisionele gereformeerd-skolasitese visie dat die mens uit 'n onsterflike siel en 'n sterflike liggam sou bestaan.

'n Interessante en leesbare boek.

---

**Coetzee, JC (red) 1988 - Koninkryk, Gees en Woord. (Huldigingsbundel aangebied aan prof dr Lambertus Floor by sy emeritaat as professor in Nuwe Testament aan die Teologiese Skool, Potchefstroom.)**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 319 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Prof JG van der Watt

*Koninkryk, Gees en Woord* is 'n huldigingsbundel ter ere van prof Floor wat in 1988 op vyf en sestigjarige ouderdom as professor in Nuwe Testament aan die PU vir CHO geëmeriteer het. Die titel is so

gekies omdat die drie woorde sentrale motiewe in die werk van prof Floor verteenwoordig. Dit weerspieël dus nie noodwendig die inhoud van die bundel nie.

Inhoudelik is daar dan inderdaad ook geen gemeenskaplike tema nie. Die rangskikking van materiaal in die boek geskied aan die hand van die verhouding waarin die skrywers tot prof Floor gestaan het. Allereers word die 'eie kollegas' aan die woord gestel, daarna 'oudstudente', dan 'kollegas uit ander fakulteite in Suid-Afrika' en laastens 'kollegas uit ander lande'. Daar is altesaam negentien bydraes.

Die bydraes handel oor wyd uiteenlopende temas. Daar is 'n bydrae oor retoriek (J Botha), 'n bydrae wat poog om die sogenaamde 'gedagtestruktuurontleding' te verdedig (JC Coetzee), eksegetiese bydraes wat van 'gedagtestruktuurontleding' gebruik maak (GJC Jordaan - 2 Pet 1: 19, 21; BJ de Klerk - Ef 3: 14-21), ander eksegetiese bydraes (JJ Janse van Rensburg - 1 Pet 3: 19; MA Kruger - Rom 10: 8; JA du Rand - Joh 4), artikels met 'n meer Nuwe-Testamenties-teologiese inslag (AB du Toit - dissipelskap; A Lindhout - die armes in Lukas; HJB Combrink - die saligsprekinge; JP Versteeg - die Heilige Gees en Christus), 'n artikel oor die Nuwe Testament as kanon (RB Gaffin), 'n artikel oor Latynse manuskripte van Handelinge 6 (JH Petzer), 'n artikel oor die integriteitsprobleem van 2 Korintiërs (GMM Pelser) en 'n klompie artikels wat nie spesifiek oor die Nuwe Testament handel nie (S Klepper-Barowik - Calvyn en regverdigmaking; CJH Venter - Die Gees, die Woord en die bedienaar van die Woord; JL Venter - die verhouding tussen kateder en kansel; W van't Spijker - Gees, Woord en kerk in Bucer se kommentaar op Efesiërs; WH Velema - Pneumatologie en diakonologie).

Uiteraard wissel die gehalte van die artikels. Daar is etlike artikels van hoogstaande gehalte. Die artikel van J Botha oor die retoriek verskaf aangename leesstof en getuig van deeglikheid. JJ Janse van Rensburg skryf ewe-eens 'n interessante artikel waarin hy betoog dat die 'geeste' in 1 Petrus 3: 19 nie die geeste van gestorwe mense is nie, maar van engele-/hemelwesens. Jesus het Homself as Κύριος aan hulle gaan proklameer. Hy gee 'n mooi taalkundige beredenering in 'n origens duidelik uiteengesette artikel. JH Petzer se artikel, wat waarskynlik nie vir almal interessante leesstof sal wees nie, verdien ook vermelding. Dit is werklik met groot bevrediging dat 'n mens 'n artikel oor tekskritiek van hierdie kwaliteit uit die pen van 'n Suid-Afrikaner lees.

'n Juweel is die artikel van AB du Toit oor dissipelskap. Die meriete van die artikel lê in die besondere diepgang van die teologiese inhoud wat tog op 'n eenvoudige en aangenaamleesbare manier aangebied

word. Hy slaag daarin om die dinamiek van dissipelskap bloot te lê en hermeneuties verantwoordbaar op vandag se situasie toe te pas.

Ook MA Kruger se bydrae tref vanweë die deeglike eksegetiese arbeid. Hy beredeneer sy saak goed en neem sy leser sistematies mee - GMM Pelser en HJB Combrink verdien ook 'n pluimpie vir hul bydraes. Pelser kom tot die gevolgtrekking dat 2 Korintiërs die eindresultaat van die kombinasie van drie verskillende briewe en nog 'n addisionele deel is. Combrink toon weer pragtig aan hoe die saligsprekinge 'n retoriese rol in die bergpredikasie vervul. Mense wat ellendig en niks is nie, word God se geseëndes. Van juis hulle word dan nou verwag om deur hulle optrede 'n seën vir die wêreld te wees.

Die bydraes van CJH en JL Venter en JP Versteeg verdien ook om gelees te word. Hierdie artikels is alleen maar enkele van dié wat vermelding verdien. Tog is dit jammer dat die artikels deurgaans deur spelfoute ontsier word. Dit hinder tog as 'n mens 'n artikel van goeie wetenskaplike gehalte lees en jy vind meer foute as wat nodig is. Die redakteur kon hier 'n bietjie meer noukeurig gewerk het. Die enigste saak wat gemeenskaplik tussen drie van die skrywers in die bundel is, is die sogenaamde 'gedagtestruktuurontleding'. Dit verdien nadere aandag.

Coetzee bied 'n uiteensetting - en in 'n sekere sin 'n verdediging - van 'n 'gedagtestruktuurontleding'. Die artikel is met verwagting opgeneem, maar het na my mening nie aan die verwagtinge voldoen nie. Die indruk word gelaat van 'n soort verwaterde, kru struktuuranalise. Min of soms geen wetenskaplike kriteria of motivering word gegee op grond waarvan te werk gegaan moet word nie, wat ongetwyfeld die indruk laat dat die leser maar 'op gevoel af, soos hy dit verstaan' sy struktuur konstrueer. Om maar net enkele probleme te noem. Wat is byvoorbeeld die verskil/ooreenkoms tussen struktuurmerkers en struktuurpatrone (bl 29)? Hoe en volgens watter wetenskaplike kriteria word hierdie patrone gevind? Op grond van watter kriteria word parallelismes of chiasmes semanties gevul? Verdere vrae ontstaan as daar na die benutting van die metode deur BJ de Klerk gekyk word. Hy skryf beslis nie net een werkwoordstuk op 'n reël nie (vgl bl 45), waarskynlik ter wille van mooi balans (a-b, a-b). Die 'struktuurpatrone' waarvan Coetzee praat, funksioneer ook nie in De Klerk se uiteensetting op bladsy 45 nie. Hier en daar in sy teks verwys hy wel na 'n stylfiguur soos 'n parallelisme (bv bl 48). Dit alles bevestig die indruk van onafgerondheid en die gevaar van subjektiwiteit rakende die metode. GJC Jordaan volg ook nie heeltemal die stappe wat Coetzee neerlê nie. Ook hy hou hom nie by die een werkwoordstuk per reël nie (vgl bl 73, 76).

Coetzee sê op bladsy 19 dat hy die lesers die geleentheid wil gee om

die 'ontwerper' van 'gedagtestruktuurontleding' aan te hoor. Die uiteensetting, asook die toepassing deur twee skynbare navolgers van die ontledingswyse het egter die leemtes en in 'n sekere sin die ondeurdagtheid van hierdie wyse van ontleding blootgelê. Dit sou die 'ontwerper' baat om weer terug te gaan na die 'tekenbord' en hierdie ontledingswyse met die kam van wetenskaplike kriteria weer eens deeglik deur te kam. Daar is net te veel vrae, leemtes en onafgerondheid in die ontledingswyse om die verbeelding aan te gryp.

NG Kerkboekhandel verdien 'n woord van gelukwense vir 'n baie mooi bundel. Die glans buiteblad is treffend in sy eenvoud, die drukwerk netjies en die boek is stewig in hardeband gebind. Ook die foto en verdere afronding doen prof Floor beslis eer aan.

Vir die inisiatief om op so 'n mooi wyse van prof Floor 'afskeid' te neem, moet prof JC Coetzee gelukgewens word.

Samevattend, *Koninkryk, Gees en Woord* is 'n bundel met uiteenlopende artikels wat vir die teoloog met 'n wye belangstelling ure van leesgenot sal verskaf.